HUISHOUDKUNDE HG **NOVEMBER 2006**

Algemene opmerkings

- Oor die algemeen het die leerders nie die vrae gelees nie en het dus nie geantwoord wat gevra is nie.
- Baie leerders het nie die instruksies gevolg nie.
- Leerders het nie leesbaar en netjies geskryf nie.
- Vrae is swak gespasieer, bv. Elke vraag is nie op ‘n skoon bladsy begin nie en lyne is ook nie oopgelaat tussen die vrae nie.
- Een woord antwoorde is ook gegee waar daar ‘n verduideliking nodig was.

VRAAG 1 EN 2 (KORT VRAE)

- Die vrae is oor die algemeen goed beantwoord.
- Baie leerders laat egter nog steeds spasies oop.
- Sommige leerders gee twee kruisies waar slegs een kruisie nodig is.
- Die vraag oor doelwitte is egter swak beantwoord.

VRAAG 3

3.1 Evalueer beteken swak of goed (positief of negatief). Leerders moet die woorde goeie variasie of swak variasie gebruik en dan ‘n rede gee waarom dit goed of swak is, gebruik voorbeelde soos sagte blomkool, bros pastei ens.

- Baie leerders het ook nie voorbeelde van die gegewe spyskaart gebruik nie.
- Die evaluering moet ook nie weerspreek word nie bv. As daar ‘n goeie kleurverskeidenheid is kan die kleure nie beskryf word as vaal of oninteressant nie.
- Leerders moet ook spesifieke geregte noem, nie te veel wit, geel en oranje kleure nie maar wit blomkool en aartappel en oranje wortelslaai.
- Baie leerders he took die blomkool as groen beskryf.
- Die vraag die leerder om te evalueer nie om aan te beveel nie.

3.2.1 Die vraag is in die algemeen goed beantwoord. Party sentrums het nie kennis van vleisanaloe nie.

3.2.2 Leerders moet verwys na a soja produk b.v soja vleis, (maalvleis), soja blokkies, of soja reepies, in plaas van soja bone as vleis analoe.

3.3 Leerders moet fokus op voorbereiding en kook. Nie op koop, stoor or bediening nie.

Voedsel higiene voorbeelde was nie gevra nie. Leerders moet verwys na die groente soort wat genoem is b.v. blomkool word nie afgeskil nie.

3.4 Hierdie vraag is baie swak beantwoord. Die meeste van die leerders het nie geweet dat water nie gebruik word om Beierse Pynappelroom nie water as ‘n bestanddeel het nie.

Hulle was veronderstel om maniere te noem om die stollingstyd te verkort, nie die faktore

wat die stollings tyd beïnvloed nie. ‘n Voorbeeld: proteolitiese ensieme was nie van

toepassing in hierdie vraag nie.

VRAAG 4

4.1.1 Swak beantwoord. Leerders kon nie die rysmiddels noem of klassifiseer nie. Baie leerders het water as die rysmiddel genoem in plaas van stoom. Die meeste van die leerders ken nie die bestanddele wat ‘n rol speel in die gelatinisering van stysel nie Meeste van die leerders het eiers genoem !

4.1.2 Swak beantwoord. Die vraag het nie gehandel oor klontvorming of emulifisering nie.

4.1.2.1.1 a) Swak beantwoord. Meeste leerders het verwys na smaak en tekstuur wat verkeerd was. Meeste leerders kon slegs een funksie noem.

b) Leerders moet verwys na eier proteiene en nie slegs eier was al koaguleer of oorkoaguleer nie.

4.1.3 Oor die algemeen goed beantwoord. Baie leerders het nie verwys na die hoe en lae temperature nie.

4.2.1 Kookkunsterme het aandag nodig, leerders ken nie die verskil tussen soteer en sorteer nie.

4.2.2 Oor die algemeen goed beantwoord. Sommige leerders het nie gelees dat die tuna ingemaak is nie, maar het verwys na ‘n vars vis. Dus die verwysing na oe en skubbe is nie korrek nie.
Leerders moet ook weet wat is beskryf en geen een word antwoorde is dus korrek nie, bv. Reuk – wat van die reuk ?

4.3 Meeste leerders toon swak kennis van gaarmaakmetodes. Leerders raak deurmekaar met gaarmaakmetode, klassifikasie, medium en oordragmetodes. Braai is nie ‘n klam hitte metode nie.

4.4 Swak beantwoord, baie leerders het geen kennis van voedselsisteme en moet verwys na permanente of tydelike emulsie, nie slegs emulsie nie.

VRAAG 5

5.1 Goed beantwoord, leerders het relevante antwoorde gegee.

5.2 Leerders weet nie wat is die verskil tussen dieetdoelwitte en dieetriglyne nie. Die aanbevole vervanger moet ook pas by die gegewe voorbeeld (topverkoper in die snoepie) bv. Coke moet vervang word met ‘n ander vloeistof met ‘n laer suikerinhoud bv. Vrugtesap of water.

5.3.1 Moeg en lui is nie gedragsprobleme nie

5.3.2 Oor die algemeen swak beantwoord.

- Dieet riglyne is verduidelik i.p.v. dieetveranderinge wat gevra is.
- Redes is ook nie gegee nie
- Die veranderinge is nie met die gedragsprobleme in verband gebring nie.

5.4 Leeerders het nie die instruksies gelees nie en het voorbeelde van brood gegee in plaas van om die inligting in die tabel te gebruik.

QUESTION 6

6.1 Baie leerders het nie die gesinstipe geken nie en het slegs die gesinstadium neergeskryf.

6.2 Leerders het nie verwys na die inligitng in die bylae nie.
6.2.1 Sipho wat ‘n skoolhoof is nie ‘n politiese rol nie.
6.2.2 Zinzi is ‘n **volunteer** MIV berader en ontvang nie ‘n salaries daarvoor nie, dus is dit nie ‘n vb. Van ekonomiese betrokkenheid nie.
6.2.3 Goed beantwoord.

6.3.1 Baie leerders gebruik geslag wat gegee is as voorbeeld.
6.3.2 Leerders het nie die inligitng in die bylae met taakverdeling gekoppel nie. Hulle het ook nie verwys na hoe taakverdeling beinvloed word nie. Bv. Luvo is 4 jaar oud i.p.v Luvo is te jonk om baie take te doen maar hy kan help om sy speelgoed op te tel.

6.3.3 Leerders het nie gekyk na die puntetoekenning nie en het te min geskryf vir 9 punte. Hulle het ook nie die konflikareas voorspel en gepaste voorbeelde gegee nie.

VRAAG 7

7.1 Leerders het nie aktiwiteitsareas genoem nie maar verwys na meubelstukke.

7.2 Swak beantwoord. Voorbeelde is gegee maar die verduidelikings was onvolledig.
Sommige leerders verwys na balans en nadruk i.p.v ritme.

7.3.1 Baie leerders het net verwys na negatiewe aspekte en het geen positiewe aspekte genoem nie. Evauleer beteken positief en negatiewe aspekte.
Baie leerders het verwys na die bed en die leer en het nie verwys na die werksentrum nie.

7.3.2 Oor die algemeen goed beantwoord.

- Sommige leerders het egter ‘n onrealistiese evaluering geee, bv. Leerders skryf die die werksarea is te klein alhoewel dit die grootte van ‘n enkelbed is, wat heeltemal voldoende is.
- Baie leerders verwys na die stoel / werksarea / bergplek is onvoldoende, maar hul gee nie redes waarom nie.

7.3.2 Die leerders verwys na verskeie items wat nie moet rondle in die agterplaas nie, sonder om na ‘n verskeidenheid van voorsorgmaatreels te verwys.

VRAAG 8

8.1.1 Goed beantwoord. Sommige leerders het die voedsel in plaas van die vervoer as die hoogste identifiseer!

8.1.2 Swak beantwoord. Meeste leerders het die gesinslede genoem wat almal vervoer benodig op tot 3 verskillende maniere (slegs een punt is dan toegeken) in plaas van om te verwys na die prys van petrol, onderhoud van die voertuig, ens.

8.1.3 Redelik goed beantwoord, maar ‘n paar onvanpaste antwoorde is hier gekry, bv “gebruik die badwater om die skottelgoed in te was!)

8.3 Swak beantwoord. Meeste leerders kon slegs twee redes gee. Leerders het nie die vraag behoorlik gelees nie en daarom vetrwys na die stappe in die begroting!

VRAAG 9

9.1.1 Nie goed beantwoord nie! Leerders het nie geweet wat ‘n kwalitatiewe standard is nie.

9.1.2 Goed beantwoord. Meeste leerders kon wel die kwantitatiewe standard identifiseer.

9.2 Goed beantwoord.

- Sommige leerders kon nie gepaste voorbeelde van elke behoefte identifiseer nie.
- Sommige leerders het nie voorbeelde [uit die Bylae] wat op Amanda van toepassing is, genoem nie!!
- Sommige leerders het die “ego” en “sosiale” behoeftes omgeruil.

9.3 Relatief goed beantwoord.

- Sommige leerders kon nie gepaste voorbeelde opnoem nie.
- Sommige leerders het nie volledig genoeg verduidelik vir twee punte nie. Bv. ‘Amanda is ‘n deeltydse model en studeer’, in plaas van ‘Amanda se studies, tesame
  met haar deeltydse modelwerk en dat sy in die gimnasium oefen, verg baie tyd’.

9.4 Baie goed beantwoord deur die leerders wat weet wat sentrale en sateliet besluite is!